Downloaded from Stanmorephysics.com



KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

MAART BEHEERDE TOETS -- 2019

AFRIKAANS (EAT) – TAAL, BEGRIPS EN OPSOMMING

**GRAAD** : 11 | **EKSAMINATRISE** : P. RAMJEE

**PUNTE** : 40 | **MODERATRISE** : S.R. Panday

**TYDSDUUR**: 1 UUR | **DATUM**: 11-03-2019

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE

**INSTRUKSIES:**

1. HIERDIE VRAESTEL BETSAAN UIT DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A : | BEGRIPS (10) | 15 MINUTE |
| AFDELING B: | OPSOMMING (10) | 15 MINUTE |
| AFDELING C: | TAAL (20) | 30 MINUTE |

2. BEANTWOORD AL DIE VRAE.
3. NOMMER DIE ANTWOORDE KORREK VOLGENS DIE VRAESTEL
4. SKRYF NETJIES EN LEESBAAR
5. SKRYF JOU ONDERWYSERS SE VOORLETTERS BO-AAN JOU ANTWOORDBLAD – PR, SRP, SRe, ARa, SSy, PA, UBM, PS

**AFDELING A: LEESBEGRIP : ADVERTENSIE**

**LEES DIE ADVERTENSIE OP BL 2 EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE.**

BLAAI OM BL. 2




**VRAE:**

1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

HOEZIT is ------------------.

A. 'n tienermeisie

B. 'n kredietkaart

C. 'n kindertydskrif

D. 'n skoenlapper 1

1.2 Haal **een woord** aan wat daarop aandui dat HOEZIT goed vir jou verstand is. 1

1.3 Sê waarom die volgende stelling **onwaar** is. Haal **twee agtereenvolgende** woorde aan om jou antwoord te motiveer.

**HOEZIT is 'n weeklikse tydskrif.** 1

1.4 In watter taal is HOEZIT? 1

1.5 Hoeveel minder sal jy betaal as jy 'n ATKV- lid is? 1

1.6 Watter organisasie is verantwoordelik vir HOEZIT? 1

1.7 Noem **een** manier waarop jy vir die tydskrif kan betaal. 1

1.8 Dink jy HOEZIT is 'n goeie tydskrif om te hê.

Sê **ja of nee** en gee 'n rede vir jou antwoord. 1

1.9 By watter adres kan 'n mens HOEZIT op die internet kontak? 1

1.10 Hoe pas die prente by die advertensie? 1

[10]

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### BELANGRIKE DINGE OM TE ONTHOU AS JY 'N BERGFIETS WIL KOOP

- Lees die onderstaande stuk aandagtig deur.
- Skryf sewe belangrike dinge neer wat jy moet onthou as jy 'n bergfiets wil koop.
- Skryf in jou eie woorde.
- Jy mag nie meer as 70 woorde gebruik nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys neer.
- Skryf die aantal woorde onderaan neer.

Aha, jy wil 'n bergfiets koop! Dis 'n baie lekker manier om die omgewing te verken, die lewe te geniet en fiks te bly. Mark Johnston bekyk die ABC van fietskoop.

As jy rustig om die blok wil ry of 'n grondpad wil takel, is 'n basiese bergfiets net die ding vir jou. Dit kos so R 2000. Koop 'n fiets by 'n bekende fietshandelaar in jou dorp. Jy kan dit dan daar laat diens ook. Onthou net elkeen se lyf, arms en bene het ander proporsies, daarom moet jy 'n fiets koop wat by jou liggaam pas.

As jy naweke moeiliker grondpaaie wil ry, koop 'n fiets met vere vooraan. Die voorvering maak die rit op die pad sommer baie maklik. As jy wil keer dat jou polse seerkry, moet jy 'n bergfiets met twee skokbrekers op die voorvurk koop. Dit beskerm regtig jou polse. 'n Beginner, moet jy kyk vir 'n fiets met plat pedale. Jou skoene met die splete op die sole klik makliker daaraan vas.

As 'n fietsband sonder 'n binneband is en met 'n seëlmiddel gevul is, is die kans kleiner dat dit pap sal word. Die soort band word van dikker rubber gemaak, daarom is dit ideaal vir 'n bergfiets. 'n Band met binnebande is swaarder as 'n gewone band. 'n Fiets met 'n baie ligte raam is vir die ryer wat al die moeilike paaie wil ry. So 'n fiets se komponente is dieselfde as 'n goedkoper weergawe, maar is van sterker materiaal gemaak.

TOTAAL : 10

BLAAI OM ...BL. 4

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG DRIE: LEES DIE ONDERTSAANDE ARTIKEL EN VOER DIE INSTRUKSIES UIT,.**



# SHèRI BRYNARD LAAT HAAR NIE ONDERKRY NIE

3.1 ( Sheri is 'n vrou met Downsindroom.) Sy kan nie toelaat dat iets haar terughou nie. Sy is as een van die 2012 Shoprite Checkers Vroue van die jaar aangewys.

3.2 ( Sy wil nog persepsies oor mense met gestremdhede verander ) . 3.3 Sy sal haar prysgeld gebruik ) van R100 000 daarvoor.

3.4 ( Sheri het haar matrieksertifikaat en ook 'n onderwysdiploma verwerf. ) Sy is 'n hulponderwyser by die Lettie Fouche-sentrum in Bloemfontein.

3.5 ( Sheri sê: Ek is mal oor kinders. ) Dis so lekker as hulle lief is vir my en 3.6 (ek hou daarvan om vir hulle iets te beteken. Ek geniet dit om klassies aan te bied en hulle te help.

3.7 ( Sy het 'n spesiale boodskap vir ander gestremde Suid – Afrikaners. " Moet nooit moed opgee nie ; moet nooit ophou droom nie. Werk aan jou drome en moenie verwag dat ander alles vir jou moet doen nie. 3.8 ( Al sukkel jy probeer ) 3.9 (Jy moet dankbaar wees ) en moenie altyd kla nie. Partykeer sien 'n mens nie eens al die wonderlike dinge om jou raak nie"

3.10 ( "Ek is baie lief vir sepies. Ek wil 'n rol in 'n sepie soos " Binneland " speel.) Dit sal my so gelukkig maak."

Blaai om ...bl. 5

**VRAE:**

3.1 **SKRYF DIE SIN OOR IN DIE TOEKOMENDE TYD.**

Sheri is n jongvrou met Downsindroom. 1

3.2 **SKRYF DIE SIN OOR IN DIE ONTKENNING**

Sy wil nog persepsies oor mense met gestremdhede verander. 1

3.3 **SKRYF DIE SIN OOR IN DIE LYDENDE VORM**

Sy het al haar prysgeld gebruik. 1

3.4 **SKRYF DIE SIN OOR IN DIE TEENWOORDIGE TYD.**

Sheri het haar matrieksertifikaat en .ook 'n onderwysdiploma verwerf. 1

3.5 **SKRYF DIE SIN OOR IN DIE INDIREKTE REDE**

Sheri sê : " Ek is mal oor die kinders . " 1

3.6 **SKRYF DIE SIN OOR IN DIE VERLEDE TYD.**

Ek hou daarvan om iets vir hulle te beteken. 1

3.7 **STEL DIE VRAAG WAAROP DIE ONDERSTREEPTE GEDEELTE DIE ANTWOORD IS.**

Sy het 'n spesiale boodskap <u>vir ander gestremde Suid – Afrikaners</u>. 1

3.8 **VUL DIE LEESTEKENS IN DIE ONDERSTAANDE SIN.**

Al sukkel jy probeer 1

3.9 **SKRYF DIE ONDERSTAANDE SIN OOR MAAR BEGIN SOOS AANGEDUI.**

Jy moet dankbaar wees.

**BEGIN SO :** Jy behoort ..... 1

3.10 **VERBIND DIE SINNE MET DIE VOEGWOORD TUSSEN HAKIES.**

Ek is baie lief vir sepies. Ek wil 'n rol in " Binneland " hê. ( daarom ) 1

[ 10 ]

Blaai om ....bl. 6

**VRAAG VIER**

**Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg**




4.1 **GEE DIE VERKLEINWOORD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**
Madam kyk na die ( lamp) 1

4.2 **GEE DIE INTENSIEWE VORM VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES**
Dit is'n ( nuwe ) lamp. 1

4.3 **GEE DIE VERGROTENDE TRAP VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**
Eve se oë is ( groot ) as Madam s'n. 1

4.4 **KIES DIE REGTE WOORD TUSSEN HAKIES.**
Eve en Madam kan nie hulle oë ( glo / belowe ) nie. 1

4.5 **GEE DIE MEERVOUD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES**
Die twee ( vrou ) staar na die lamp. 1

4.6 **GEE DIE KORREKTE VORM VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**
Die ( ongeluk ) vrou besef dat sy die verkeerde besluit gemaak het. 1

4.7 **SKRYF DIE GETAL VOL UIT.**
Madam het ( 41 ) rand vir die lamp betaal. 1

4.8 **VUL DIE VOORNAAMWOORD IN.**
Madam het vir --------- ma gelieg. 1

4.9 **GEE DIE ANTONIEM VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES**
Die (laaste) keer ek haar gesien het, was sy besig om te betaal. 1

4.10 **GEE DIE KORREKTE VOORSETSEL**
Madam is smoorkwaad --------------------- Eve. 1

**[ 10 ]**

**TOTAAL [ 20 ]**

**GROOTTOTAAL : [ 40 ]**

HOD - LANGUAGES
S.R. PANDAY

Downloaded from Stanmorephysics.com

Graad 11 Maand Beheerde Toets

Memorandum

## Vraag 1 : Advertensie

1.1. C ✓

1.2 "breinkrag" ✓

1.3 "elke maand" ✓

1.4 Afrikaans ✓

1.5 R191,40 – R153,12 = R38,28 ✓

1.6. ATKV ✓

1.7 Elektroniese betaling / Tjek / Kredietkaart ✓

1.8. Ja – dis vol pret / jy kan baie geld spaar / dit het goeie afdelings
Nee – ek verstaan nie / hou nie van Afrikaans nie (enige gepaste antwoord) ✓

1.9 hoezit@atkv.org.za ✓

1.10 Die prente het jong mense wat lyk asof hulle pretvolle dinge doen en die tydskrif is vir jong mense – 'n pretboek ✓

(10)

## Vraag 2 : Opsomming

1) Koop 'n basiese bergfiets vir eenvoudige roete. ✓
2) Maak seker dat jy die fiets by 'n bekende fietshandelaar koop. ✓
3) Koop 'n fiets wat by jou liggaam pas. ✓
4) Vir moeiliker grondpaaie koop 'n fiets met vere aan die voorkant. ✓
5) Koop 'n bergfiets met twee skokbrekers as jy nie jou polse wil seermaak nie ✓ AA
6) Beginners moet fietse met plat pedale kry. ✓
7) Die fietsband moet met seëlmiddel gevul word ✓
8) Vir moeilike paaie, is 'n fiets met 'n baie ligte raam goed

SC) (10)

Vraag 3

3.1. Sheri sal ń jongvrou met Downsindroom wees. ✓
3.2. Sy wil nie meer persepsies oor mense met gestremdhede verander nie. ✓
3.3. Al haar prysgeld is deur haar gebruik ✓
3.4. Sheri verwerf haar matrieksertifikaat en ook ń onderwysdiploma. ✓
3.5. Seri sê dat sy mal oor kinders is. ✓
3.6. Ek het daarom gehou om iets vir hulle te beteken. ✓
3.7. Vir wie het sy ń spesiale boodskap. ✓
3.8. Al sukkel jy, probeer.! ✓
3.9. Jy behoort dankbaar te wees. ✓
3.10. Ek is baie lief vir sepies daarom wil ek ń rol in binneland hê. ✓

(10)

Vraag 4

4.1. lampie ✓
4.2. splinternuwe ✓
4.3. groter ✓
4.4. glo ✓
4.5. vroue | vrouens ✓
4.6. ongelukkige ✓
4.7. een en veertig | een-en-veertig ✓
4.8. haar ✓
4.9. eerste ✓
1.10. vir ✓

(10)

(40)